

5 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 1:1-2:5

Fokusgedeelte: Rigters 2:1-5

Dra jy swaar aan die gevolge van jou eie ongehoorsaamheid?

In die boek Rigters openbaar die Here aan ons die tragiese gevolge van die sonde in 'n mens se lewe. Dwarsdeur die boek kry ons die refrein van die volk wat gesondig het, God wat hulle in die mag van 'n vyand oorgee, die volk wat om hulp roep en God wat in sy genade elke keer help. Hy roep 'n rigter om hulle van hulle vyande te verlos en weer vrede te bring. Kort voor lank volg hulle egter dieselfde patroon van voor af. Dit is die tragiek van ons stryd teen die sonde.

Hierdie boek openbaar egter ook die wonderlike liefde van God vir sy kinders, dat Hy hulle elke keer jammer kry en met kragtige daede uitred. Rigters openbaar vir ons die wonderlike trou van die Here wat sy volk van hulle sonde verlos en wys heen na die volmaakte Rigter, Jesus Christus, wat sou kom om sy volk vir eens en altyd kragdadig met sy kruis en opstanding te bevry. Rigters openbaar egter ook die tragiese gevolge van 'n volk wat in sonde volhard.

So begin die boek egter met die hartseer verhaal van die volk Israel wat hierdie beproewende omstandighede elke keer oor hulleself gebring het. Omdat hulle aan die opdrag van die Here ongehoorsaam was deur nie al die heidense volke uit die land te verdryf nie, het hierdie volke telkens hulle ondergang bewerkstellig. Daarmee sê die Here dat 'n mens swaar dra aan die gevolge van jou sonde en verkeerde keuses in die lewe. As jy sondig sal jy die gevolge daarvan dra. Dan kan jy nie ander mense, jou omstandighede of dalk die Here blameer vir jou beproewing nie.

Is jou beproewende omstandighede deur jou eie toedoen bewerkstellig? As dit is, bely jou sonde voor die Here, Hy is getrou en sal jou help – Hy sal jou verlos en weer aan jou vrede gee.

Sing: Psalm 51:2

Ds P Venter (Rustenburg-Wes)